# KOMMUNIKAMMA 16 MAART 2025

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**<u>WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE</u>**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**
**<u>Sondag 16 Maart</u>**
**3de Lydensweek**
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**
**Skriflesing:** Genesis 22:1-19
**Tema: :** Om God bo alles te stel.

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Gemeentebediening**

**<u>Maandag 17 Maart</u>**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**<u>Woensdag 19Maart</u>**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**BYBELGENOOTSKAP VRUGTEMARK**
Die jaarlikse vrugtemark ten bate van die Bybelgenootskap begin op Woensdag 19 Maart by die Bybelhuis, Cotswoldlaan 31, Cotswold. Vrugte sal Woensdag en Donderdag om 08:00 – 16:00 verkoop word en op Vrydag om 08:00 – 14:00.
Groente en vrugte sal op Saterdag 22 Maart om 08:00 – 12:00 by Londt Park Sportklub verkoop word. Die Sunridge Community Run vind ook Saterdag plaas. Die 10km wedloop begin om 06:30 en die 5km pretdraf om 06:45 vanaf die Londt Park Sportklub. Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

**<u>Vrydag 21 Maart</u>**
**MENSEREGTEDAG**

**<u>Sondag 23 Maart</u>**
**4de Lydensweek**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

**<u>GEBEDSAKE:</u>**

- Almal wat besig is met toetsreekse.
- Valerie du Preez se seun, Hugo, is oorlede.
- Buddy van der Merwe, Veneto Keyter, Martin Devenish en Trevor Derbyshire beleef groot gesondheid uitdagings.
- Fanie Botha is ernstig siek.
- Helena Jackson is oorlede. Bid asb vir Steven en die familie.
- Juliet Mackenzie se herstel na ‘n operasie.
- Joan Snyders is al 21 dae in die hospitaal na ‘n beroerte.
- Giep en Anne Louw. Hy sukkel baie met sy gesondheid na ‘n beroerte.
- Die vul van die Jeug Administratiewe Koördineerder pos.
- Oos Kaap Mighty Men byeenkoms.
- #Imagine Oos-Kaap
- Mense wat skade gely het met storms en oorstromings.
- “Godverskynings” aan Moslems wat tot Sondag 30 Maart Ramadan vier.
- Ons regering van nasionale eenheid en al die uitdagings wat dit meebring. Die aanvaar van die begroting.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.
- Wysheid vir en die bou van verhoudings tussen wêreldleiers tot voordeel van die ganse wêreld.
- Vredesproses in die Midde-Ooste.

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Bid saam met gelowiges wat te midde van vervolging in **Nigerië** leef om Jesus Christus vrymoedig te verteenwoordig ten spyte van lyding wat hulle ervaar.

**<u>NUWE LIDMATE</u>**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**<u>HULP BENODIG</u>**

- Ons is opsoek na ‘n groot mansfiets.
- As daar by jou huis ‘n bruikbare tuinslang rondlê, kan ons dit gebruik.

Indien jy kan help, kontak asb. die kerkkantoor.

**<u>JEUG ADMINISTRATIEWE KOORDINEERDER</u>**
Die kerkraad het ‘n Jeug Administratiewe Koördineerder pos goedgekeur. Alle inligting oor die pos kan op die gemeente se webwerf of Facebook blad gekry word. Navrae kan by Toit gedoen word. Aansoeke sluit op 24 Maart 2025.

**<u>LYDENSTYD STASIES</u>**
Ons wil hierdie jaar die geleentheid skep vir mense om op 'n unieke manier Lydenstyd te ervaar. Ons wil weer (soos 'n paar jaar gelede) Lydenstyd stasies in die kerksaal opstel. Dit sal vanaf Vrydag 11 April 08:00 in die kerk opgestel word, en sal dan "oop" wees vir die gemeente om daardeur te beweeg vanaf 13 April-20 April. Sou jy dalk wou deel neem aan die beplanning en opstel van hierdie stasies? Kontak gerus vir Renette Nell (072 110 1042) of Ds Toit Wessels (084 240 2916) teen Maandag 17 Maart indien jy wil deelneem.

**KERMIS 2025**

Die datum van ons kermis is verkeerd aangedui op die almanak. Ons kermis vind dv op Jeugdag, Maandag 16 Junie 2025, plaas.

**MTR SMIT KINDEROORD**

Ons as gemeente is betrokke by Huis 9 van die MTR Smit Kinderoord waar daar tans 13 dogters tussen die ouderdomme van 11 jaar tot 14 jaar oud woon. Indien jy 'n passie het vir kinders en 'n verskil in hierdie dogters se lewens wil maak, kontak asb. vir Debah van Eeden (082 933 2443) of Linda Rossouw (082 402 4396) vir meer inligting.

**OOS-KAAP MIGHTY MEN BYEENKOMS**

Die jaarlikse Mighty Men byeenkoms vind die naweek van 21 – 23 Maart op die Mooi Uitsig plaas in Jeffreysbaai plaas. Daar is nog kaartjies beskikbaar. Vir meer inligting of om jou plek te bespreek, besoek gerus hulle webwerf. (https://www.mightymeneasterncape.co.za/ )

**KLEINGROEP INLIGTING**

**Kontak Persoon:** Elizma Harmse (083 940 5617)

Hierdie bediening streef om deur middel van dinamiese kleingroepe mekaar wedersyds op te bou en te ondersteun ten einde daagliks bruikbaar te wees in God se plan met die gemeente en elke individu. Die kleingroep bediening bestaan uit:

**Selgroepe**

| Dag | Tyd | Naam | Selleier/Kontakpersoon | Tel nommer |
|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | 18:30 | Kosmos | Conrad Pienaar | 072 227 6356 |
| | 19:15 | Rose | André Barnard | 082 921 8762 |
| **Dinsdag** | 19:00 | Voetspore | Rian Viljoen | 082 559 7648 |
| **Woensdag** | 18:30 | Gazanias | Joukje le Roux | 061 075 0405 |
| | 18:30 | Vygies | Sonja Tait | 084 904 9047 |
| | 19:00 | Papawers | Gert Harmse | 082 906 6924 |
| | 19:00 | Madeliefies | PC van Rooyen | 084 960 6289 |
| | 19:00 | Tulpe | Marlene Postma | 082 787 4030 |
| **Donderdag** | 09:30 | Welwitchias | Lucian Pienaar | 082 773 3315 |
| | 19:00 | Azaleas | Jean-Mari Oberholzer | 083 657 9194 |

**Bybelstudiegroepe**

| Dag | Tyd | Kontak persoon | Tel/sel nommer |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag** | 14:00 | Elizma Harmse | 083 940 5617 |
| | 17:30 | Johan van der Merwe | 079 296 7490 |
| **Woensdag** | 09:00 | Myra Schmidt | 082 293 8985 |
| | 09:30 | Elna Thiart | 083 662 1774 |
| | 16:00 | Santjie van Niekerk | 084 457 0814 |
| | 16:30 | Laura Krause | 041 364 2732 |

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

16 Maart Zelda Bakkes, Bea-né Schoeman en Juan-Pierre van Zyl
17 Maart Ria Lombard, Vicky Rossouw, Ansie Vorster, Joshua Wessels en Dalene Wilson
18 Maart SJ de Beer, Ricardo Nel en Suné van Heerden
19 Maart Lizelle Niit
20 Maart James Banfield, Louis le Grange en Danie Mare
21 Maart Pieter Greyling en Twane van der Merwe
22 Maart Stephan Blom, Christo Landman, Erika Marais, Annalien Pienaar, Jacques Reeder, Annekie van Onselen en Annabel Viljoen

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005